GLENWOOD MUURBALKLUB
GLENWOOD SQUASH CLUB

E-Mail/Epos: info@glenwoodsquash.co.za ; Webtuiste/Site:www.glenwoodsquash.co.za
Tel: Klub/Club - 012 3483573 ; Admin - 0860 43 43 57; Faks/Fax - 086 648 6168
Patulagebou/Building, Glenwoodlaan/Ave, Lynnwood Glen, Pretoria
Posbus/PO Box 11697, Hatfield, 0028

GLENWOOD MUURBALKLUB

Spelers-gedragskode

Hersien Jan 08

Muurbal as spel word gespeel volgens internasionale reëls en elke speler, op watter vlak ookal, behoort vertroud te wees daarmee. Hierdie reëls bepaal die algemene gang van die spel, die baan en toerusting se omskrywings sowel as die fyner tegniese besonderhede van 'n kragmeting – insluitend die veiligheid van die spelers.
Omdat muurbal se kompeterende aard bedoel is om die wendoelwit in die fisiese kragmeting en oefening in te bring – of dit nou op sosiale of liga-vlak is – is daar ook ander dimensies of vereistes vir die sportiewe beoefening van die spel: om dit aangenaam en stimulerend vir almal te maak wat daaraan deelneem. Suksesvolle en aangename deelname aan veral **liga** word verseker deur ook die 'etiese komponent' te ondersteun. Glenwood Muurbalklub wil graag 'n reputasie opbou as 'n klub wat kompeterend is, maar hoë etiese standaarde aan sy spelers stel – op en van die baan af.

1. **As jy liga speel moet jy toegewyd wees.**
   - **Dit beteken dat jy die hele ligaseisoen beskikbaar is om vir die span te speel.**
   - **Sorg dat jy fiks is.**
   - **Daar is blokbesprekings Maandae, Donderdae en Saterdae – daag op en oefen saam met ander spelers.**
2. **Spanne moet saam oefen.**
   - **Reël vir 'n tyd om saam met jou eie spanmaats te oefen – om te werk aan jou spel en om posisies binne die span te bepaal (almal gaan deur 'aftye' weens siekte, werk, ens).**
3. **Sorg dat jy betyds vir wedstryde opdaag.**
   - **Wedstryde begin 18h00 – 18h15.**
   - **Wegwedstryde: Maak seker dat jy weet waar die baan is en maak voorsiening vir die verkeer.**
   - **Maak vroegtydig verskoning as jy nie betyds kan wees nie.**

- **As jy nie beskikbaar is vir 'n wedstryd nie, laat weet jou kaptein ten minste 'n dag voor die tyd sodat die kaptein vir 'n ander speler kan reel.**

4. **Ondersteun jou spanlede gedurende wedstryde.**
   - **Moedig goeie spel van jou eie spanlede aan en wees opbouend met kommentaar en opmerkings.**
   - **Moenie negatiewe opmerkings teenoor teenstanders maak nie – wees sportief en positief kompeterend.**
5. **Skeidsregters:**
   - **Wees vertroud met die reels: Skeidsregterskursusse word deur Northerns gereël – doen dit.**
   - **Wees konsekwent gedurende wedstryde, wees kalm, objektief en indien nodig, kry 'n merker om te help.**
   - **Moenie in argumente tydens of na 'n wedstryd betrokke raak nie.**
6. **Die speel van 'n wedstryd:**
   - **Speel die wedstryd in goeie gees en bly hoflik al is die adrenalienvlak hoog.**
   - **Moenie kwaad word gedurende die wedstryd nie, dit benadeel jou konsentrasie en verhoog die kans om te verloor.**
   - **Moenie vloek of skree gedurende die wedstryd nie.**
   - **Bevraagteken 'n skeidsregter se beslissing slegs in 'n goeie gees en binne die reëls.**
   - **As spelers die reëls ken en eerlik is tydens wedstryde, is dit maklik om skeidsregter te wees.**
   - **Doen jou bes gedurende die wedstryd – liga gaan per slot van rekening oor punte vir die span.**
   - **Wees 'n goeie verloorder en 'n stylvolle wenner.**
7. **Na die wedstryd:**
   - **Met tuiswedstryde sorg jy vir jou opponent teen wie jy gespeel het en wees gasvry.**
   - **Meeste spelers is tevrede al het jy net een koeldrank/bier vir hom/haar gekoop.**
   - **<u>Spanne kan onderling besluit of hulle eetgoed sal voorsien</u>.**
   - **Verlig enige spanning as gevolg van wedstryd-gebeurlikhede met gasvryheid en ontspanne kommunikasie.**